# El Roi :      Hoekom huil jy?    GOD SIEN !

Geskryf deur  Marinda de Jager -  marinda@lightwriter.co.za

Hoekom huil jy?
Hoe moedeloos is jy op die plek waar jy nou is?

Ek wil verder reis met Hagar se verhaal oor die gedagte:

**Soms moet ek GOD SIEN in my omstandighede.**

Ek moet wegkyk van alles om my en net HOM SIEN;

sien dat Hy DAAR IS;

sien dat Hy MY SIEN.

**Ander kere moet ek God IN MY OMSTANDIGHEDE SIEN.**

Ek moet raaksien dat die antwoorde waarvoor ek roep tot God, reeds naby  is.

**Soms moet ek GOD SIEN in my omstandighede …**

**…en soms moet ek God IN MY OMSTANDIGHEDE sien.**

In Gen.21 kry ons vir Hagar; sy sit in die woestyn en huil.

Abraham het haar met haar kind, ‘n brood en ‘n sak water weggestuur en sy het rondgedwaal in die woestyn Bersèba.

- Sy het nie ‘n veilige plek gehad nie
- Sy het nêrens behoort nie
- Haar lewe het niks beteken nie.

Sy het Ismael onder ‘n bos neergesit, ver weg gaan sit en  gesê :”Ek wil die dood van die kind nie sien nie.”

Hagar is gefokus op die enorme, waterlose woestyn wat hulle lewe bedreig – dis al wat sy raaksien.

Hagar het nie net moed verloor nie, sy het HOOP verloor… HOPELOOS!

**TONNELVISIE**

In El Roi deel 1 & 2 het ek verduidelik wat gebeur met 'n mens se oë wanneer jou senuweestelsel in oorlewings-modus gaan.

Jy ontwikkel **TONNELVISIE** – jy verloor jou vermoë om wyer te kyk.

In Hagar se verhaal sien ons 'n goeie voorbeeld van tonnelvisie.

**As ek fokus op die probleem voor my,**

**verloor ek my vermoë om iets anders as die probleem raak te sien.**

Sy kyk so vas in haar probleem, dat sy 'n paar dinge miskyk / vergeet.

1) Sy **VERGEET** God het voorheen aan haar verskyn as **El Roi**, die God wat sien. Hagar voel nie meer 'gesien' nie. Sy sien nie meer dat God sien nie.
2) Sy **VERGEET** El Roi het vir **Ismael** sy naam gegee –
   **Ismael** beteken : **GOD HOOR**.
3) Sy **VERGEET** God wat sien en hoor, het vir Ismael geseën met 'n belofte: 'n groot nagelsag. Sy vergeet dat sy weet… Ismael gaan leef.
4) Sy **SIEN NIE** dat 'n bos in die woestyn moontlik water in die omgewing beteken nie.
5) Sy **SIEN NIE** die put nie. Sy was nie by 'n fontein (soos in Gen.16) nie. Sy was by 'n put in die woestyn – 'n put was 'n waterbron wat reeds deur mense ontgin was – daar was mense naby.

v.19 'Daarop het God haar oë geopen, en sy sien 'n put! Sy het geloop en die sak vol water gemaak en die seun laat drink.'

Dalk is dit vandag tyd om jou trane af te vee en te **ONTHOU WIE IS GOD…**

Gaan terug na die ontmoetingspunte met HOM op jou lewenspad…

**onthou WIE HY IS… onthou Sy beloftes aan jou.**

Dalk moet jy vandag om jou te kyk en **SIEN**…

**SIEN** jou antwoord is nog die hele tyd baie naby aan jou –

jy is dalk so gefokus op die probleem dat jy nie die oplossing sien nie.

Vra God om jou oë oop te maak en vir jou 'the well of the vision of life' te wys.

Skryf LIG!